**VISIE**:

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION**:

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 23 JANUARIE 2024 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en VKB *(waarnemende Direkteur Finansiële Dienste)* |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder Gemeenskapsfasiliteite (*waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste*) |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. S Wilschut | : | Hoof: Voorsieningskanaalbestuur |
| Me. W Nero | : | Assistent: Interne Ouditeur *(waarnemende Interne Ouditeur)* |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN001/01/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker open die vergadering met gebed, waarna hy almal verwelkom by die eerste Raadsvergadering vir 2024.

Die Voorsitter wens almal teenwoordig sterkte toe vir 2024 en bedank alle Raadslede en Amptenare vir die goeie werk en samewerking.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die nuutaangestelde Hoof: Voorsieningskanaalbestuur, mnr. Shaun Wilschut, wat die Raadsvergadering bywoon asook aan die lede van die publiek wat op die "YouTube" platform ingeskakel is.

***

**RVN002/01/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadslid Isaacs - afwesig met verskoning
Direkteur Gemeenskapsdienste - afwesig met verskoning (vakansieverlof)

Die Speaker meld dat Raadslid Moolman op die virtuele platvorm "MS Teams" ingeskakel is.

***

**RVN003/01/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/01/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DONDERDAG 07 DESEMBER 2023**
**3/3/2/2**
***(Die Notule word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Speaker lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering, soos gehou op Donderdag 07 Desember 2023, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**RVN005/01/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DONDERDAG 07 DESEMBER 2023**
**3/3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in en meld dat die aanstelling van die Voorsitter vir die Risikokomitee by item **RVA014** hanteer sal word.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Raadsvergadering, soos gehou op Donderdag 07 Desember 2023.

***

**RVN006/01/2024**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN007/01/2024**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE ONDERBURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

LEED

- Dat die E-Natis Klerk Piketberg, me. M Langeveldt, se ouma oorlede is en word sy en haar familie sterkte toegewens in die bedroefde tyd;
- Die Speaker en Uitvoerende Burgemeester betuig die Raad se meegevoel met die seun van Goedverwacht wat verdrink het en wens die familie sterkte toe in die bedroefde tyd;
- Dat onderskeie gemeenskapslede aan die dood afgestaan is in die Bergrivier Munisipale area en wil hy die Raad se meegevoel betuig met die sterftes;
- Dat die Uitvoerende Burgemeester se moeder siek is en wens hy hom namens die Raad sterkte en beterskap toe; en
- Dat onderskeie gemeenskapslede siek is in die Bergrivier Munisipale area en wens hy die Raad se sterkte en beterskap toe aan hulle.

‘n Minuut van stilte word gehandhaaf vir die afgestorwenes se families in hierdie moeilike tyd.

LIEF

- Dat die Speaker op Saterdag 30 Desember 2023 verjaar het en bedank almal wat hom geluk, seënwense en sterkte toegewens het;
- Dat die Uitvoerende Burgemeester op Maandag 05 Februarie 2024 verjaar en wens die Speaker hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy komende verjaarsdag;
- Dat Raadsheer De Vries op Sondag 25 Februarie 2024 verjaar en wens die Speaker hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy komende verjaarsdag;
- Dat die Direkteur: Tegniese Dienste op Woensdag 28 Februarie 2024 verjaar en wens die Speaker hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy komende verjaarsdag; en
- Dat die Hoof: Kommunikasie in Desember 2023 getrou het en wens die Speaker hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy huweliksbevestiging.

Die Speaker meld dat ‘n brand plaasgevind het in Porterville en bedank hy die brandweerpersoneel asook die gemeenskap wat gehelp het om die brand te blus.

Die Speaker vra voorbidding vir die inwoners van Wolseley en omliggend wat geaffekteer is met die brand wat tans daar plaasvind.

Ten slotte bedank die Speaker alle essensiële amptenare wat gedurende die feesseisoen gewerk het.

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededeling:

- Dat die Speaker op Saterdag 30 Desember 2023 verjaar het en wens hy hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy verjaarsdag.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Sy wens die Speaker namens die Administrasie geluk, seënwense en sterkte toe met sy verjaarsdag wat op Saterdag 30 Desember 2023 was; en
- Sy wens alle Raadslede en hul gesinne voorspoed toe vir 2024 met hul werksaamhede wat voorlê.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/01/2024**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/01/2024**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN010/01/2024**
**DRINGENDE SAKE VANAF DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**RVN011/01/2024**
**AMENDMENTS TO THE SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY AND PREFERENTIAL PROCUREMENT POLICY**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste.

Die Uitvoerende Onderburgemeester spreek sy misnoeë uit rakende die hantering van die verandering met verwysing na die gebrek van oorlegpleging deur Nasionale Tesourie ten opsigte van wysiging aan die Wetgewing asook die impak wat dit op dienslewering het.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

*DIRECTOR FINANCIAL SERVICES (Acting)*

1. That Council take note of the content of the report;
2. That the amendments to the Supply Chain management Regulations dated 14 December 2023 be noted;
3. That the amendments to the Municipal SCM policy, highlighted and attached as Annexure "A" be approved;
4. That the amendments to the municipal Preferential Procurement Policy, highlighted and attached herewith as Annexure "C" be approved;

5. That the amendments to the Municipal Supply Chain Management Policy and the Municipal Preferential Procurement Policy be made public in accordance with Section 21A of the Local Government Municipal Systems Act, (Act 32 of 2000).

***

**RVN012/01/2024**

**<u>2023/24 MID-YEAR BUDGET AND PERFORMANCE ASSESSMENT COMPILED IN TERMS OF SECTION 72 OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, ACT 56 OF 2003</u>**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item kortliks in.

Hy bedank die Kantoor van die Munisipale Bestuurder vir die harde werk vir die verslag asook die Finansiële Dienste departement en Direkteure wat die departemente aanmoedig om die spandering van die begroting op datum te hou.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That Council note the 2023/24 Mid-year Budget and Performance Assessment Report submitted in terms of Sections 72(1) and 54(1)(f) of the Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003);
2. That following the consideration of the Mid-year Budget and Performance Assessment Report, a municipal adjustment budget be prepared in terms of Section 72(3)(a) read together with Section 28 of the MFMA by 28 February 2024 as required by Regulation 23 of the Municipal Budget and Reporting Regulations 2009; and
3. That the 2023/24-Midyear Budget and Performance Assessment Report be made public by placing it on the municipal website in terms of Regulation 34 of the Municipal Budget and Reporting Regulations GG 32141 of April 2009.

***MANAGER STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN013/01/2024**

**<u>2022/23 DRAFT ANNUAL REPORT SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 127 OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)</u>**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item kortliks in en lig 'n paar punte uit die Voorwoord van die Uitvoerende Burgemeester soos vervat in die verslag.

Voorts bedank hy die Strategiese Dienste afdeling vir die goeie en harde werk gelewer tydens die proses.

Die Speaker en Uitvoerende Burgemeester bedank die Raadslede, Munisipale Bestuurder, Direkteure en amptenare vir hul harde werk verrig gedurende die 2022/23 finansiële jaar.

Die Speaker moedig die Raadslede aan om deur die verslag te gaan ten einde hul te vergewis van die inhoud.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That Council adopt the 2022/23 Draft Annual Report as tabled by the Mayor in terms of Section 127(2) of the MFMA;
2. That the 2022/23 Draft Annual Report be made public and submitted to the relevant organs of state in terms of Section 127 of the MFMA; and

***MANAGER STRATEGIC SERVICES***

3. That the 2022/23 Draft Annual Report be referred to MPAC to perform the oversight process and compile the Oversight Report.

***

**RVN014/01/2024**
**VAKATURE: VOORSITTER VAN RISIKO-BESTUURSKOMITEE**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die vakature van Eksterne Onafhanklike Voorsitter van die Risikobestuurskomitee her-adverteer word.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN015/01/2024**
**TABLING OF A REPORT ON THE CHANGE OF THRESHOLDS WITHIN SUPPLY CHAIN MANAGEMENT**
**5/1/1**

Die Speaker lei die item kortliks in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That the item be withdrawn from the agenda.

***

**RVN016/01/2024**
**RAISING OF NEW LONG TERM DEBT 2023 – 2024**
**5/1/1**

Die Speaker lei die item kortliks in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council take note of the information statement submitted herewith in terms of Section 46(3)(b) of the MFMA.

***

**RVN017/01/2024**
**IMPLEMENTATION OF SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY IN TERMS OF SECTION 6(1)(3) OF THE MUNICIPAL REGULATIONS FOR THE SECOND QUARTER OF THE FINANCIAL YEAR 2023/2024**
**5/1/1**

Die Speaker lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die vakante poste in die Finansiële Dienste direktoraat.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That Council consider and take note of the Supply Chain Management implementation report for the period 1 July 2023 to 30 December 2023 representing the first quarter of the 2023/2024 financial year;

2. That the report be made public in accordance with section 21A of the Municipal Systems Act.

***

**RVN018/01/2024**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN019/01/2024**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN020/01/2024**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN021/01/2024**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Geen

***

**RVN022/01/2024**
**<u>IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING AAN DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die Speaker meld dat die moontlikheid ondersoek word om die goedkeuring van die 2024/25 Begroting na die gemeenskap te vat en dat die nodige logistieke reëlings gekommunikeer sal word sodra alles gefinaliseer is.)***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:47*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***